# Hillcrest High School

## Afrikaans Eerste Addisionele Taal V3

## Junie Eksamen

## 2018

## Graad 9

**Punte: 50**

**Tyd: 1½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit <u>4</u> bladsye**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:**

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **Langer Transaksionele Teks** | **(30)** |
| **AFDELING B:** | **Korter teks: Naslaan-,informatiewe en Transaksionele Tekste.** | **(20)** |

2. **Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.**
3. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**
4. **Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.**
5. **Jy moet AL jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.**
6. **Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Dit word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.**
7. **Beplan jou tyd só:**

   **Afdeling A: 60 minute**
   **Afdeling B: 30 minute**

8. **Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.**
9. **Skryf die titel/opskrif bo-aan elke skryfstuk.**
10. **Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.**
11. **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.**
12. **Skryf netjies en leesbaar.**
13. **Vul jou buiteblad volledig in.**

# STERKTE! ☺

**AFDELING A: Langer Transaksionele Teks**

**VRAAG 1:**

- **Kies EEN onderwerp en skryf 120- 150 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer .**

**1.1 DIALOOG** **[30]**

**Skryf ń dialoog waar jy met jou maat praat oor wie jou sportheld/in is. Beskryf die persoon se voorkoms en persoonlikheid. Vertel watter sport hy/sy doen en wat sy/haar prestasies is. Ons wil ook weet waarom hy/sy jou sportheld is en hoe hy/sy jou lewe beïnvloed het.**

**OF**

**1.2** **[30]**

**Skryf ń dialoog waarin jy met jou vriend/in praat oor julle grootword jare. Somtyds is dit nie so maklik om 'n tiener te wees nie. Skryf die gesprek neer.**

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

**AFDELING B: Kort Transaksionele Teks**

**VRAAG 2:**

- **Kies EEN onderwep en skryf 80 - 100 woorde daaroor.**
- **Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.**
- **Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan die stuk neer.**

**2.1 E-POS** **[20]**

**Skryf ń e-pos aan jou vriend/in waarin jy hom/haar vertel van 'n fantastiese sportbyeenkoms wat jy bygewoon het. Wat het jy alles gesien? Wie het jy daar gesien? Wat het gebeur?**

**OF**

**2.2**

**Jy het vandag 'n baie slegte dag gehad. Alles het verkeerd geloop; by die huis en ook by die skool.**

**Skryf 'n e-pos aan jou maat en vertel hom/haar wat gebeur het. Vertel ook hoe jy gevoel het.**

**TOTAAL AFDELING B: [20]**

**SOMTOTAAL: [50]**